Kwale: Suikersiekte; kanker; rumatiek; arteriosclerose; hartkwaal; bronchitis; borsvliesontsteking; longontsteking; buikvliesontsteking; blindedermontsteking; nierkwaal; cretinisme en slymswelling; exophthalmiese kropgeswel.

Micro-organisme en besmettingsonvatbaarheid: Tuberkulose; siefilis; disentrie; ingewandskoors; influensa; masels; skarlakenkoors; witseerkeel; roos; kinderpokke; pokke; kinkhoes; pampoentjies.

Gewone parasiete.

(3) *Voorlopige Eksamen.*

*Wat van Kandidate Vereis word.*

(*a*) 'n Kandidaat sal nie toegelaat word vir die voorlopige eksamen in te skrywe alvorens hy nie een-kwart van die opleiding volgens hierdie reëls vereis voltooi het nie.

(*b*) 'n Kandidaat vir die voorlopige eksamen moet die volgende inhandig:—

(i) 'n sertifikaat deur die superintendent van die inrigting geteken dat hy een-kwart van die vereiste opleiding voltooi het;

(ii) 'n sertifikaat, insgelyks geteken, dat hy minstens 25 lesings en 25 demonstrasies van 'n volledige kursus van lesings en demonstrasies in anatomie, fisiologie, eerstehulp, higiëne en elementêre sielkunde bygewoon het.

(4) *Eindeksamen.*

*Wat van Kandidate Vereis word.*

(*a*) 'n Kandidaat sal nie tot die eindeksamen toegelaat word voordat die opleidingstydperk deur hierdie reëls voorgeskrywe voltooi is nie, mits dat, onder besondere omstandighede, 'n kandidaat toegelaat sal word indien die tydperk van opleiding binne drie maande na aanvang van die eksamen voltooi sal word, en in sodanige geval, indien die kandidaat slaag, sal die sertifikaat van bekwaamheid teruggehou word totdat die kandidaat die opleidingstydperk voltooi het.

(*b*) 'n Kandidaat vir die eindeksamen moet die volgende indien:—

(i) 'n Sertifikaat deur die superintendent geteken dat 'n opleidingskursus aan 'n erkende opleidingskool vir die tydperk in hierdie reëls bepaal, bygewoon is;

(ii) 'n sertifikaat, aldus geteken, dat gedurende die opleidingstydperk aan die voornoemde inrigting 'n volledige kursus van lesings en praktiese demonstrasies soos deur hierdie reëls bepaal, bygewoon is;

(iii) 'n aldus getekende sertifikaat van goeie gedrag;

(iv) 'n aldus getekende sertifikaat van goeie gesondheid;

(v) 'n sertifikaat dat die voorlopige eksamen met goeie gevolg afgelê is.

(5) *Vrae.*

Vir die skriftelike gedeelte van die voorlopige en eindeksamens moet minstens vyf vrae gestel word, en die kandidate sal drie uur gelaat word om hul te beantwoord.

(6) *Punte.*

'n Kandidaat moet minstens 50 persent van die punte vir die skriftelike eksamen toegeken, behaal, 40 persent in die mondelinge eksamen, 40 persent in die praktiese eksamen, en 50 persent van die groottotaal in die drie afdelings om te slaag. Vyftig persent van die groottotaal sal vir die skriftelike eksamen, 25 persent vir die mondelinge en 25 persent vir die praktiese eksamen toegeken word.

In die eindeksamen sal geslaagde kandidate volgens ,, Honneurs '' en ,, Geslaag '' gerangskik word. Vir ,, Honneurs '' moet 'n kandidaat minstens 75 persent van die toegekende punte in iedere afdeling van die eksamen behaal.

Indien, by die eindeksamen meer as een afdeling van die spesiale gedeelte geneem word, sal die hoogste aantal punte in enige afdeling behaal by die punte behaal in die skriftelike gedeelte van die eksamen gevoeg, en die kandidaat dienooreenkomstig gerangskik word. Die punte in enige ander afdeling behaal sal dan afsonderlik by die punte behaal in die skriftelike gedeelte van die eksamen gevoeg, en die kandidaat weer dienooreenkomstig in hierdie afdeling gerangskik word. Op die manier kan 'n kandidaat in die ,, Honneurs " gedeelte in een of meer afdelings geplaas word en in ,, Geslaag " of ,, Nie-geslaag " in enige ander. Kandidate wat nie voorheen die eindeksamen deurgekom het nie en wat daarna vir een of meer afdelings van die besondere gedeelte inskrywe, sal nie in die ,, Honneurs " afdeling opgeneem word nie.

Kandidate sal nie volgens meriete gerangskik word nie. Besonderhede betreffende die punte of plekke sal alleen met besondere vergunning van die Raad verstrek word.

(7) *Weer-toelating tot Eksamen.*

Indien 'n kandidaat vir 'n eksamen gedruip het nadat sy tweekeer daarvoor ingeskrywe het, kan van haar sodanige verlenging van opleiding geëis word as die Raad mag bepaal voordat sy weer tot die eksamen toegelaat word.

(8) *Datums en Inskrywings.*

Die eksamens sal tweekeer in die jaar gehou word in die maande April en Oktober, mits daar kandidate is, en niemand van wie die applikasie nie vóór of op respektiewelik 1 Maart en 1 September by die Registrateur van die Raad ingedien is, sal vir die eersvolgende eksamen opgeneem word nie, tensy met besondere toestemming van die Raad.

(9) *Sentrums.*

Die eksamens sal op sodanige plekke gehou word as die Raad mag bepaal.

(10) *Eksaminatore.*

Die Raad sal sodanige eksaminatore as wat van tyd tot tyd benodig is, benoem. Die eksaminatore is onderworpe aan sodanige reëls as die Raad van tyd tot tyd, ten opsigte van die eksamens, mag besluit, en hulle sal teen sodanige tarief betaal word as die Raad vasstel. Hulle hoef nie lid van die Raad te wees nie.

Van die eksaminatore vir die skriftelike, voorlopige en eindeksamens benoem, moet een die Kommissaris van Geesteskranke wees en een 'n geneeskundige superintendent van 'n hospitaal vir swaksinniges, of anders moet albei geneeskundige superintendente van hospitale vir swaksinniges wees.

Die praktiese en mondelinge eksamens staan onder leiding van die superintendent van die inrigting, aan wie as medebeoordeelaars toegevoeg word : —

(*a*) Vir Afdeling A : 'n Gesertifiseerde onderwyser met ervaring van werk onder swaksinniges ;

(*b*) Vir Afdeling B : 'n Lid van die personeel van 'n inrigting vir swaksinniges met praktiese ervaring in die onderrig van die onderwerpe wat by die afdeling betrokke is ;

(*c*) Vir Afdeling C : 'n Geregistreerde genees- en heelkundige verpleegster, indien moontlik, op die personeel van 'n inrigting vir swaksinniges.

(11) *Eksamenfooie.*

Die volgende is die eksamenfooie wat kandidate aan die Raad moet betaal:—

(*a*) By aansoek vir toelating tot die voorlopige eksamen, 'n fooi van 10s. 6d. Kandidate wat druip kan hulle weer vir eksamen aanmeld teen betaling van 'n dergelike fooi by elke geleentheid;

(*b*) by aansoek vir toelating tot die eindeksamen, 'n fooi van £3. 3s., wat registrasie as 'n verpleegster van sielsiekes insluit, indien en wanneer die kandidaat vir die eksamen slaag. Kandidate wat druip kan, onderworpe aan Reël 7, hulle weer vir eksamen aanmeld teen betaling van 'n fooi van £2. 2s. by elke geleentheid.

No. 1779.] [6th November, 1931.

## SOUTH AFRICAN MEDICAL COUNCIL: AMENDED RULES *RE* TRAINING AND EXAMINATION OF NURSES FOR MENTAL DEFECTIVES.

The Minister of Public Health has been pleased, under sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, to approve of No. 4 (2) of the rules made by the South African Medical Council under sub-section (2) (*j*) of the said section of the Act and promulgated under Government Notice No. 636 of 17th April, 1931, being rescinded and of the following rule being substituted therefor:—

"(2) Breaks in training.

Training shall be continuous saving for interruptions by vacations not exceeding one month or by illness or for other reasons which may be considered satisfactory by the Council. The period during which a pupil nurse has broken her training must be made up so that she completes a full period of training of 9,040 working hours and, if the break, for reasons other than sick leave, should be for a period exceeding three months she must in addition to the period of 9,040 working hours undergo an extension of training the equivalent in working hours to one half of the period of such break. No recognition of previous training shall be accorded if the break in a pupil nurse's training extends for a period of over two years.

In the case of sick leave not exceeding six months, supported by a medical certificate, no extra time need be served, but the total training of 9,040 working hours must be observed.

Sick leave in all cases must be supported by a medical certificate."

No. 1779.] [6 November 1931.

## SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE RAAD: GEWYSIGDE REËLS VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMENS VAN VERPLEEGSTERS VAN SWAKSINNIGES.

---

Die Minister van Volksgesondheid het dit goedgevind, ingevolge subartiekel (4) van artiekel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, om No. 4 (2) van die reëls deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad gemaak ingevolge subartiekel (2) (*j*) van genoemde wetsartiekel en uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. 636 van 17 April 1931 te herroep, en om die onderstaande daarvoor in die plek te stel:—

,, (2) Onderbrekings in opleiding.

Die opleiding moet onafgebroke wees behalwe tydens vakansies van hoogstens een maand of as gevolg van siekte of om ander redes wat die Raad as bevredigend beskou. Die tydperk gedurende welke leerlingverpleegster haar opleiding onderbreek, het, moet ingehaal word sodat sy die hele opleidingstydperk van 9,040 werkure voltooi, en indien die onderbreking om ander redes as die van siekteverlof vir 'n tydperk van langer as drie maande is, moet sy, behalwe die tydperk van 9,040 werkure, 'n verlenging van opleiding deurmaak in werkure gelykstaande aan die helfte van die onderbroke tydperk. Geen voorafgaande opleiding sal erken word nie as die onderbreking in 'n leerlingverpleegster se opleiding meer as twee jaar is.

In die geval van siekteverlof van hoogstens ses maande, gestaaf deur 'n doktersertifikaat, word geen verlore tyd ingehaal nie, maar die hele opleiding van 9,040 werkure moet deurgemaak word.

Siekteverlof moet in alle gevalle deur 'n doktersertifikaat gestaaf wees."

G.P.-S.30186—1940—200.

No. 86.] [19 January 1940.

## SOUTH AFRICAN MEDICAL COUNCIL.—RULES FOR THE TRAINING AND EXAMINATION OF MIDWIVES.

The Minister of Public Health in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, approves of the following amendment to the rules for the training and examination of midwives made by the South African Medical Council under sub-section (2) (*j*) of the said section of the Act, published under Government Notice No. 968 of the 12th June, 1931, as amended by Government Notices Nos. 1773 of 1931, 627 of 1933, 516 of 1936, 52 of 1936, 117 of 1937 and 79 and 1181 of 1939:—

*Rule* 4 (2) (*c*):

Delete the full stop at the end of the paragraph and substitute a comma, and add the following words:—

" or in the case of training schools for native midwives in rural areas under conditions similar to those pertaining in a native kraal."

*Rule* 4 (4):

Insert a new sub-clause as follows:—

" (4) *Leave.*

Pupil midwives shall be allowed 14 days vacation leave; provided that candidates undergoing a period of 18 months training shall not be granted vacation leave during the first 6 months of their training."

*Rule* 5 (1):

Delete the words " nine months " and substitute the words " six months ".

After the words " the examinations shall include within their scope the following ", delete paragraph (*a*), and insert:—

" (A) *For the first examination.*

(*a*) The anatomy and physiology of the female pelvic and its organs, and of the breasts;

(*b*) general introductory anatomy and physiology; the principles of hygiene and sanitation as regards home, diet and person; the midwife's part in spreading a better knowledge of hygiene among the women she attends;

(*c*) theory and practice of midwifery nursing; ethical aspects; hospital etiquette; ward work; care of patients; care of linen and bedding; blanket bathing; cleansing of mouth, hair and teeth; bed-making; care of back; charting; preparation for rectal and vaginal examinations; sponging; baths and packs; excretar; examinations of urine and stools; keeping of specimens; micturition, catheterization; care of catheters, bladder lavage; giving and receiving of reports; feeding of patients—special diets; administration of medicines; care of the dead."

(B) *For the final examination.*

(*a*) The subjects for the first examination, and also:—

*Rule* 5 (2):

Delete the existing rule and substitute the following:—

"A candidate shall not be allowed to enter for the first examination until she shall have completed her training for the first examination as laid down in these rules. She shall submit—

a certificate signed by the matron of the training school that she has regularly attended the practice of such institution for a period of six months and has attended a course of lectures and demonstrations for the first examination in terms of the rules."

A candidate shall not be admitted to the final examination until she has completed her training. She shall be required to submit the following:—

(*a*) A certificate signed by the matron of the training school that she has regularly attended the practice of such institution for the period laid down by these rules, and attended lectures and demonstration as laid down therein;

(*b*) a certificate signed by the matron of the training school that she has attended the number of cases and nursed the number of lying-in women, as laid down by these rules;

(*c*) a certificate signed by a registered medical practitioner to the effect that her health is such that no danger to her patients would be involved by her admission to practise as a midwife;

(*d*) a certificate from a registered medical practitioner, minister of religion, magistrate or justice of the peace as to good character;

(*e*) evidence of having passed the first examination."

*Rule* 5 (3):

Delete the existing rule and substitute the following:—

"In the written portions of the preliminary and final examinations, not less than five questions shall be set and the candidates shall be allowed three hours to answer them."

*Rule* 5 (4):

Delete the word "examination" where it occurs for the first time, and substitute the word "examinations".

*Rule* 5 (8):

Delete the existing rule and substitute the following:—

"The following fees shall be payable to the Council by candidates for examination:—

(*a*) On application for admission to the first examination the fee of £1. 1s. In the case of failure to pass, candidates may present themselves for re-examination on payment of a similar fee for each occasion;

(*b*) on application for admission to the final examination, a fee of £3. 3s., which will include registration as a midwife if and when the candidate passes the examination. In the case of failure to pass, a candidate may, subject to Rule 4 (7), be re-admitted to examination on payment of a fee of £2. 2s."

No. 86.] [19 Januarie 1940.

## SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE RAAD.—REELS VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VAN VROEDVROUE.

In die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, heg die Minister van Volksgesondheid sy goedkeuring aan onderstaande wysiging van die reëls vir die opleiding en eksamineer van vroedvroue, gemaak deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad ingevolge subartikel (2) (*j*) van genoemde artikel van die Wet en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 968 van 12 Junie 1931, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 1773 van 1931, 627 van 1933, 516 van 1936, 52 van 1936, 117 van 1937 en 79 en 1181 van 1939:—

*Reël* 4 (2) (*c*):

Skrap die punt aan die end van die paragraaf en vervang dit deur 'n komma, en voeg onderstaande woorde by:—

,, of in die geval van opleidingskole vir naturellevroedvroue in plattelandse streke onder toestande soortgelyk aan dié wat in 'n naturellekraal heers.''

*Reël* 4 (4):

Voeg 'n nuwe subklousule in, as volg:—

,, (4) *Verlof.*

Aan leerlingvroedvroue word vakansieverlof van 14 dae toegestaan; met dien verstande dat aan kandidate wat opleiding vir 'n tydperk van 18 maande ondergaan, geen vakansieverlof gedurende die eerste 6 maande van hul opleiding, toegestaan word nie.''

*Reël* 5 (1):

Skrap die woorde ,, nege maande '' en vervang dit deur die woorde ,, ses maande ''

Skrap paragraaf (*a*), na die woorde ,, die eksamens moet onderstaande onderwerpe omvat '', en voeg in:—

,, (*A*) *Vir die eerste eksamen—*

(*a*) die anatomie en fisiologie van die vroulike bekken en sy organe, en van die borste;

(*b*) algemene inleidende anatomie en fisiologie; die beginsels van higiëne en assainering wat betref die huis, die diëet en die persoon; die vroedvrou se aandeel in die verspreiding van 'n beter kennis van higiëne onder die vroue wat sy behandel;

(*c*) teorie en praktyk van kraamverpleging; etiese aspekte; hospitaaletiket; afdelingswerk; versorging van pasiënte; versorging van linne en beddegoed; kombersbaddens; was van mond, hare en tande; opmaak van beddens; versorging van die rug; inkaartbringing; voorbereiding vir ondersoeke van die endelderm en die skede; afspons; baddens en inwikkelings; uitwerpsels; ondersoeke van die urine en ontlasting; die hou van monsters; urine-aflating, kateterisasie; sorg van kateters, uitspoeling van die blaas; verslag doen en ontvang; voeding van pasiënte—spesiale diëte; toediening van medisyne; lykversorging.''

(*B*) *Vir die finale eksamen*—

(*a*) die onderwerpe vir die eerste eksamen, en ook—

*Reël* 5 (2):

Skrap die bestaande reël en vervang dit deur die volgende: —

,, 'n Kandidaat word nie toegelaat om haar vir die eerste eksamen te laat inskryf nie voordat sy haar opleiding vir die eerste eksamen soos in hierdie reëls vasgestel, voltooi het. Die kandidaat moet die volgende voorlê: —

'n Sertifikaat onderteken deur die matrone van die opleidingskool ten effekte dat sy die praktyk van die inrigting gereeld vir 'n tydperk van ses maande bygewoon en 'n reeks lesings en demonstrasies vir die eerste eksamen ooreenkomstig die reëls bygewoon het. 'n Kandidaat word nie tot die finale eksamen toegelaat nie voordat sy haar opleiding voltooi het. Sy moet die volgende voorlê: —

(*a*) 'n Sertifikaat, onderteken deur die matrone van die opleidingskool, ten effekte dat sy die praktyk van die inrigting gereeld vir die deur die reëls vasgestelde tydperk, bygewoon het en dat sy die lesings en demonstrasies soos daarin bepaal, bygewoon het.

(*b*) 'n Sertifikaat, onderteken deur die matrone van die opleidingskool, ten effekte dat sy die getal gevalle versorg en die getal kraamvroue verpleeg het soos in hierdie reëls vasgestel.

(*c*) 'n Sertifikaat, onderteken deur 'n geregistreerde geneesheer, ten effekte dat haar gesondheid sulks is dat haar pasiënte geen gevaar sal loop om as gevolg van haar toelating tot die vroedvroupraktyk besmet te word nie.

(*d*) 'n Sertifikaat van goeie gedrag deur 'n geregistreerde geneesheer, predikant, magistraat of vrederegter.

(*e*) Bewys dat sy in die eerste eksamen geslaag het.''

*Reël* 5 (3):

Skrap die bestaande reël en vervang dit deur die volgende: —

,, Minstens vyf vrae word vir die skriftelike gedeeltes van die preliminêre en finale eksamens gestel, en die kandidate word drie uur toegelaat om dit te beantwoord.''

*Reël* 5 (4):

Skrap die woord ,, eksamen '' waar dit vir die eerste keer voorkom, en vervang dit deur die woord ,, eksamens ''.

*Reël* 5 (8):

Skrap die bestaande reël en vervang dit deur die volgende: —

,, Onderstaande gelde is deur kandidate vir die eksamen aan die Raad betaalbaar: —

(*a*) 'n bedrag van £1. 1s. wanneer aansoek om toelating tot die eerste eksamen gedoen word. Indien kandidate druip, kan hulle hul vir hereksamen aanmeld teen betaling van dieselfde bedrag by elke geleentheid;

(*b*) 'n Bedrag van £3. 3s. wanneer aansoek om toelating tot die finale eksamen gedoen word. Dit sluit registrasie as 'n vroedvrou in indien en wanneer die kandidaat in die eksamen slaag. Indien 'n kandidaat druip, kan sy, onderworpe aan reël 4 (7), weer tot die eksamen toegelaat word teen betaling van 'n bedrag van £2. 2s.''

✱ No. 1181.] [11 August 1939.

## SOUTH AFRICAN MEDICAL COUNCIL.—RULES FOR THE TRAINING AND EXAMINATION OF MIDWIVES.

The Minister of Public Health in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, approves of the rules for the training and examination of midwives made by the South African Medical Council under sub-section (2 (*j*) of the said section of the Act, published under Government Notice No. 968 of the 12th June, 1931, as amended by Government Notices Nos. 1773 of 1931, 627 of 1933, 516 of 1936, 52 of 1936, 117 of 1937 and 79 of 1939, being amended by the deletion of the words " 1st January, 1940 " and the substitution therefor of the words " 1st January, 1941 "; the afore-mentioned date being the date on which the amendments to these rules published under Government Notice No. 79 of 20th January, 1939, were to take effect.

✱ No. 1181.] [11 Augustus 1939.

## SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE RAAD.—REËLS VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VAN VROEDVROUE.

Die Minister van Volksgesondheid in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere,, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, heg sy goedkeuring aan die wysiging van die reëls vir die opleiding en eksamineer van vroedvroue, gemaak deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad ingevolge subartikel (2) (*j*) van genoemde artikel van die Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 968 van 12 Junie 1931, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 1773 van 1931, 627 van 1933, 516 van 1935, 52 van 1936, 117 van 1937 en 79 van 1939, deur die skrapping van die woorde ,, 1 Januarie 1940 '' en die vervanging daarvan deur ,, 1 Januarie 1941 '', aangesien eersgenoemde datum die datum is waarop die wysiging tot hierdie regulasies, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 79 van 20 Januarie 1939, in werking moes tree.

A & H—500—15.9.38.

# GOVERNMENT NOTICE No. 968 of 12th June, 1931, as amended by Notices 1773 of 1931, 627 of 1933, 516 of 1935, 52 of 1936, and 117 of 1937.

---

The Minister of Public Health has been pleased, in the exercise of the powers vested in him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, to approve the subjoined rules made by the South African Medical Council under the said section.

---

## RULES MADE UNDER SECTION NINETY-FOUR (2) (j), ACT No. 13 OF 1928, FOR *THE TRAINING AND EXAMINATION OF MIDWIVES.*

---

### 1. Pupil Midwives.

(1) No person shall be admitted for training in a training school recognised by the Council unless—

(a) (i) she produces a certificate of having satisfactorily completed the seventh standard of an Education Department in the Union, or

(ii) she produces a certificate of higher standard;

(Should she possess neither of the above, she shall be required to pass an examination in general knowledge conducted by the hospital authorities equal to that prescribed for the seventh standard of an Education Department in the Union.

(b) she produces proof that she has reached the age of 21 years;

(c) she produces a certificate of good health;

(d) she submits a certificate of good character signed by two responsible persons to the satisfaction of the training school concerned.

(2) It shall be the duty of a training school to notify the Council when any pupil midwife is admitted for training in such institution; such notification must be given within one month of the pupil midwife's admission to the training school and shall state—

(a) the pupil midwife's full name;

(b) her educational standard;

(c) her date of birth;

(d) by whom her certificate of health was given;

(e) by whom her certificates of good character were given.

Not more than one month of the training undergone by a pupil midwife prior to such notification shall be recognised unless specially approved by the Council. If the pupil midwife should for any reason discontinue her training or be absent from her training school, otherwise than on statutory leave, for a period exceeding seven days, the fact should be reported to the Council.

## 2. Training Schools.

(1) *Recognition.*

The Council may recognise as a training school for midwives any maternity hospital or lying-in institution which in the opinion of the Council, taking into consideration the accommodation, number and class of patients dealt with and the staff, equipment, and facilities for instruction available thereat, is competent to train candidates for its certificates of competence.

(2) *Conditions for Recognition.*

No application for recognition of an institution as a training school shall be entertained unless—

(a) (i) the matron, sisters, and any person, other than a medical practitioner, engaged in the teaching of probationers, are registered both as midwives and medical and surgical nurses, and unless the staff nurses are registered as midwives;

(ii) the institution has in its equipment a pelvis, mannikin and pelvimeter for the instruction of candidates.

(b) The Council shall have the right to inspect training schools at all times.

(c) The Council shall have the right to call for such information from a training school as it may deem fit, and to point out to a training school any matter in which its requirements seem to be insufficiently met, and to withhold, suspend or withdraw recognition in any case which remains unsatisfactory.

(d) The Council shall not be bound to give recognition as a training school to any institution.

## 3. Lectures and Demonstrations.

(1) At all training schools recognised by the Council, lectures shall be given by one or more registered medical practitioners approved by the Council, and demonstrations by a registered midwife, being a member of the staff of the institution.

(2) The lectures shall be at least 20 in number, and shall cover the subjects laid down in the syllabus, and extend over a period of not less than four months; at least one demonstration a week shall be given.

## 4. Training.

(1) *Period.*

The period of training of candidates for the certificate of competence shall be—

(a) six months for a candidate already registered as a medical and surgical nurse;

(b) twelve months for all other candidates.

(2) *Cases.*

A candidate shall be required during her training to have—

(a) examined and received instruction in the supervision of not less than twenty pregnant women (including booking and keeping of records);

(b) witnessed not fewer than ten labours and in addition attended and watched the progress of not fewer than twenty labours, making abdominal and vaginal examinations during the course of labour and personally delivering the patient. Of the twenty patients personally delivered, the first five must be attended within an institution where there is training approved by the Council, and of the remaining fifteen at least five must be attended in their own homes.

(c) nursed twenty lying-in women and their infants during the ten days following labour. Of these at least five women must have been nursed in their own homes.

(3) *Sick Leave.*

Sick leave of more than seven days in six months must be made up and must be supported by a medical certificate.

(4) *Repealed.*

(5) *Attendance at Ante-Natal Clinics.*

Pupil midwives must wherever practicable attend for instruction ante-natal clinics, and should be taught how to use a pelvimeter.

(6) *Candidates not Presenting Themselves for Examination.*

A candidate who does not present herself for examination within a period of one year from the date of completing her training may be called upon to undergo such further training as the Council may decide upon before being readmitted to examination.

(7) *Candidates Failing at Examination.*

A candidate who has failed to pass an examination may resubmit herself at the next examination. If she should then again fail to pass, she may be required by the Council to undergo a further course of training before being readmitted to examination.

## 5. EXAMINATIONS.

(1) The examination shall be written, oral, and practical, and shall include within its scope the following:—

(a) The elementary anatomy and physiology of the female pelvis and its organs.

(b) Pregnancy:—

| | |
|---|---|
| (i) Its hygiene,<br>(ii) Its diseases and complications, including abortion. | Both in relation to—<br>(a) the mother,<br>(b) the unborn child. |

(c) The symptoms, mechanism, course, and management of natural labour.

(d) The signs that a labour is abnormal.

(e) Haemorrhage—its varieties and the treatment of each.

(f) Antiseptics in midwifery and the way to prepare and use them.

(g) The management of the puerperal patient, including the use of the clinical thermometer and of the catheter, and the taking of the pulse.

(h) The management (including the feeding) of infants.

(i) Signs of the diseases which may develop during the first ten days, including pemphigus and other skin eruptions.

(j) The duties of the midwife as described in the regulations.

(k) Obstetric emergencies and how the midwife should deal with them until the arrival of a doctor. This will include some knowledge of the drugs commonly needed in such cases, and of the mode of their administration.

(l) Puerperal fevers, their nature, causes, and symptoms.

*(m) The venereal diseases (syphilis and gonorrhoea) in relation to their signs, symptoms, and dangers in women and children and to the risks of contagion to others.

(n) The disinfection of person, clothing, and appliances.

(o) Elementary physiology, and the principles of hygiene and sanitation as regards home, food and person.

(p) The care of children born apparently lifeless.

(q) Teaching from a pelvis, mannikin, and use of pelvimeter.

(r) The rules and conditions to be observed by a midwife in the conduct of her practice.

(2) A candidate shall not be admitted to the examination until she has completed her training. She shall be required to submit the following:—

(a) A certificate signed by the matron of the training school that she has regularly attended the practice of such institution for the period laid down by these rules, and attended lectures and demonstrations as laid down therein;

(b) a certificate signed by the matron of the training school that she has attended the number of cases and nursed the number of lying-in women, as laid down by these rules;

(c) a certificate signed by a registered medical practitioner to the effect that her health is such that no danger to her patients would be involved by her admission to practice as a midwife;

(d) a certificate from a registered medical practitioner, minister of religion, magistrate or justice of the peace as to good character.

(3) *Questions.*

In the written portion of the examination not less than five questions shall be set, and the candidate shall be allowed three hours to answer them.

---

*NOTE.—It is desirable that wherever possible, arrangements should be made for pupil midwives to—

(1) visit ophthalmic hospitals or the ophthalmic departments of general hospitals for the purpose of gaining direct experience of ophthalmia neonatorum; (2) observe cases of puerperal fever at hospitals or elsewhere; (3) observe cases of venereal diseases at a V.D. clinic; (4) attended infant clinics.

(4) *Marks.*

A candidate must obtain at least 50 per cent. of the marks awarded in each part, viz., written, and oral and practical, of the examination to pass. 50 per cent. of the aggregate marks will be awarded for the written examination and 50 per cent. for the oral and practical examination.

Successful candidates will be placed in "Honours" and "Pass" divisions. To obtain "Honours" a candidate must obtain at least 75 per cent. of the maximum marks in each part of the examination.

Candidates will not be placed in order of merit, and no information in regard to the marks or places of candidates will be given except in connection with a prize or award approved by the Council.

In case of a candidate failing to pass the examination, the training school may, however, be advised in what part of the examination she has failed to satisfy the examiners.

(5) *Dates of Examinations.*

The examinations will be held twice a year in the months of April and October, provided there are candidates; and no person whose application is not lodged with the Registrar of the Council on or before the 15th March and 15th September, respectively, can be accepted for the next ensuing examination, except by special permission of the Council.

(6) *Centres.*

The examinations shall be held at such place or places as the Council shall appoint. Special centres may be arranged for the convenience of candidates for the written examination, provided the training school pays the expenses for arranging such centre.

(7) *Examiners.*

The Council shall from time to time appoint such examiners as may be required. The examiners shall conform to such rules as the Council may from time to time resolve upon for the conduct of the examinations, and shall receive remuneration at such rates as may be fixed by the Council; they need not be members of the Council.

(8) *Fee for Examination.*

The fee for examination payable to the Council shall be £3. 3s., which will include registration as a midwife if and when the candidate passes the examination. In the case of failure to pass, a candidate may, subject to Rule 4 (7), be readmitted to examination on payment of a fee of £2. 2s.

A & H—500—15.9.38.

GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 968 van 12 Junie 1931, soos gewysig deur Kennisgewings 1773 van 1931, 627 van 1933, 516 van 1935, 52 van 1936, en 117 van 1937.

In die uitoefening van die bevoegdhede hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere. Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, het die Minister van Volksgesondheid dit goedgevind om onderstaande reëls deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad ingevolge genoemde artikel gemaak goed te keur.

# REËLS GEMAAK KRAGTENS ARTIKEL VIER-EN-NEGENTIG (2) (j) VAN WET No. 13 van 1928, *VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VAN VROEDVROUE.*

## 1. LEERLINGVROEDVROUE.

(1) Niemand sal vir opleiding in 'n opleidingskool deur die Raad erken toegelaat word nie tensy—

(a) (i) sy 'n sertifikaat vertoon dat sy op bevredigende manier Standerd VII van 'n departement van onderwys in die Unie voltooi het; of

(ii) 'n sertifikaat van 'n hoër standerd vertoon;

Indien sy geen van bogenoemde besit nie, sal van haar geëis word om 'n eksamen in algemene kennis af te lê soos deur die hospitaalowerhede ingestel en gelykstaande met die voorgeskryf vir Standerd VII van 'n departement van onderwys in die Unie;

(b) sy kan bewys dat sy die ouderdom van 21 jaar bereik het;

(c) sy 'n sertifikaat van goeie gesondheid toon;

(d) sy 'n sertifikaat van goeie gedrag, tot bevrediging van die betrokke opleidingskool en deur twee verantwoordelike persone geteken, indien.

(2) Dit is die plig van 'n opleidingskool om die Raad in kennis te stel wanneer 'n leerlingvroedvrou vir opleiding tot sodanige inrigting toegelaat word. Sodanige kennisgewing moet geskied binne een maand nadat die leerlingvroedvrou tot die opleidingskool toegelaat is en moet vermeld—

(a) die volle naam van die leerlingvroedvrou;

(b) haar standaard van onderwys;

(c) die datum van haar geboorte;

(d) deur wie haar sertifikaat van gesondheid gegee is;

(e) deur wie haar sertifikate van goeie gedrag gegee is.

Nie meer as een maand van opleiding deur die leerlingvroedvrou voor sodanige kennisgewing deurgemaak sal erken word nie tensy spesiaal deur die Raad goedgekeur. Indien die leerlingvroedvrou om enige rede haar opleiding onderbreek of van die opleidingskool, behalwe met wetlike verlof, vir langer as sewe dae afwesig is, moet dit aan die Raad gerapporteer word.

## 2. OPLEIDINGSKOLE.

(1) *Erkenning.*—

Deur die Raad sal as opleidingskole vir vroedvroue erken word enige kraamhospitaal of kraaminrigting wat, volgens die mening van die Raad, met inagneming van die akkomodasie, aantal en klas van pasiënte onder behandeling, en die personeel, uitrusting en fasiliteite vir onderrig aldaar beskikbaar, bevoeg is om kandidate vir sy sertifikate van bekwaamheid op te lei.

(2) *Voorwaardes vir Erkenning.*

Geen aansoeke om erkenning van 'n inrigting as opleidingskool sal in aanmerking geneem word nie tensy—

(a) (i) die matrone, pleegsusters en enigeen, behalwe 'n geneesheer, betrokke by die opleiding van leerlinge, as vroedvroue sowel as genees- en heelkundige verpleegsters geregistreer is en tensy die stafverpleegsters as vroedvroue geregistreer is;

(ii) die inrigting as deel van sy uitrusting 'n bekken, 'n model en 'n bekkenmeter het vir die onderrig van kandidate.

(b) Die Raad het die reg om opleidingskole te eniger tyd te inspekteer.

(c) Die Raad het die reg om sodanige besonderhede van 'n opleidingskool te verlang as dit bevoeg mag ag, en die aandag van 'n opleidingskool te bepaal by enige saak waarin aan sy vereistes blykbaar nie genoegsaam voldoen word nie, en om in enige geval wat onbevredigend bly, sy erkenning agterweë te hou, op te hef, of terug te trek.

(d) Die Raad is nie verplig om aan enige inrigting erkenning as 'n opleidingskool te verleen nie.

## 3. LESINGS EN DEMONSTRASIES.

(1) Op alle opleidingskole deur die Raad erken moet lesings deur een of meer geregistreerde geneeshere deur die Raad goedgekeur gegee word, en demonstrasies deur 'n geregistreerde vroedvrou wat een van die personeel van die inrigting is.

(2) Daar moet minstens 20 lesings wees en moet onderwerpe in die leerplan vasgestel behels en hulle oor 'n tydperk van minstens vier maande uitstrek; daar moet minstens een demonstrasie per week wees.

## 4. OPLEIDING.

(1) *Tydperk.*

Die opleidingstydperk vir kandidate vir die sertifikaat van bekwaamheid is as volg:—

(a) ses maande vir 'n kandidaat wat reeds as genees- en heelkundige verpleegster geregistreer is;

(b) twaalf maande vir alle ander kandidate.

(2) *Gevalle.*

Gedurende haar opleiding moet 'n kandidaat—

(a) minstens twintig swanger vroue ondersoek en onderrig oor hul toesig ontvang het met inbegrip van die inboek en byhou van aantekenings;

(b) minstens tien bevallings bygewoon en ook nog die verloop van minstens twintig bevallings versorg en onder toesig gehad het, die buik en skede gedurende die verloop van die kraam ondersoek en die pasiënt persoonlik verlos het. Van die twintig pasiënte wat sy persoonlik verlos het, moet die eerste vyf binne 'n inrigting versorg gewees het waar daar deur die Raad goedgekeurde opleiding is, en van die ander vyftien moet minstens vyf in hul eie wonings verpleeg gewees het;

(c) Twintig kraamvroue en hul suiglinge gedurende die tien dae na bevalling verpleeg het, van wie minstens vyf in hul eie wonings verpleeg moet gewees het.

(3) *Siekteverlof.*

Siekteverlof vir langer as sewe dae in ses maande moet ingehaal word en moet deur 'n doktersertifikaat gestaaf wees.

(4) *Herroep.*

(5) *Bywoning van Voorgeboorte-klinieke.*

Waar prakties uitvoerbaar moet leerlingvroedvroue voorgeboorte-klinieke vir onderrigdoeleindes bywoon, en hul moet geleer word hoe om die bekkenmeter te gebruik.

(6) *Kandidate wat hul nie vir Eksamen aanmeld nie.*

Van 'n kandidaat wat haar nie binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van voltooiing van haar opleiding aanmeld nie, kan geëis word om sondanige verdere opleiding as die Raad mag besluit deur te maak voordat sy weer tot 'n eksamen toegelaat word.

(7) *Kandidate wat in Eksamens Druip.*

'n Kandidaat wat nie in 'n eksamen geslaag het nie, kan haar weer vir die volgende eksamen aanmeld. As sy dan weer druip, kan die Raad van haar eis om 'n verdere opleidingskursus deur te maak voordat sy weer tot 'n eksamen toegelaat word.

## 5. EKSAMENS.

(1) Die eksamens is skriftelik, mondeling en prakties, en moet onderstaande onderwerpe omvat:—

(a) Die elementêre anatomie en fisiologie van die vroulike bekken en sy organe.

(b) Swangerskap:—

| | |
|---|---|
| (i) Sy gesondheidsleer.<br>(ii) Sy kwale en verwikkelings, met inbegrip van miskraam. | Ten opsigte van—<br>(a) die moeder;<br>(b) die ongebore kind. |

(c) die kentekens, werking, verloop en behandeling van 'n natuurlik kraam.

(d) Die tekens dat 'n kraam nie normaal is nie.

(e) Bloedstorting—verskillende soorte en behandeling van elk.

(f) Sepsiswerende middels in die verloskunde en hoe om hul te berei en te gebruik.

(g) Behandeling van die kraampasiënt, met inbegrip van die gebruik van die koorstermometer en die kateter en die neem van die pols.

(h) Die versorging (voeding inbegrepe) van suiglinge.

(i) Tekens van die siektes wat gedurende die eerste tien dae kan ontwikkel, met inbegrip van blaarkoors en ander huiduitslae.

(j) Die pligte van die vroedvrou soos in die regulasies beskrywe.

(k) Verloskundige noodgevalle en hoe die vroedvrou hul moet behandel totdat die dokter kom. Dit sluit in 'n mate van kennis van die medisyne gewoonlik in sodanige gevalle vereis, en hoe om hul toe te dien.

(l) Bedkoorse, hul geaardheid, oorsake en kentekens.

*(m) Die veneriese siektes (sifilis en druiper) ten opsigte van hul kenmerke, kentekens en gevare by vroue en kinders en ook van die gevaar van besmetting vir ander persone.

(n) Ontsmetting van persoon, klere en toestelle.

(o) Elementêre fisiologie en die beginsels van higiëne en sanitasie ten opsigte van huis, voedsel en die persoon.

(p) Versorging van kinders skynbaar lewenloos gebore.

(q) Onderrig met behulp van bekken, model en bekkenmeter.

(r) Die reëls en voorwaardes wat 'n vroedvrou in haar praktyk moet in ag neem.

(2) 'n Kandidaat sal nie tot die eksamen toegelaat word nie, tensy sy haar opleiding voltooi het. Sy moet die volgende inlewer:—

(a) 'n sertifikaat deur die matrone van die opleidingskool geteken dat sy gereëld die praktyk van sodanige inrigting gedurende die tydperk deur hierdie reëls voorgeskryf bygewoon het, asook die lesings en demonstrasies daarin vasgestel;

(b) 'n sertifikaat deur die matrone van die opleidingskool geteken dat sy die aantal gevalle versorg en verpleeg het soos in hierdie reëls vasgestel;

(c) 'n sertifikaat deur 'n geregistreerde geneesheer geteken dat haar gesondheid sodanig is dat daar geen gevaar vir haar pasiënte sal wees as gevolg van haar toelating tot die praktyk van vroedvrou nie;

(d) 'n sertifikaat van goeie gedrag van 'n geregistreerde geneesheer, predikant, magistraat of vrederegter.

(3) *Vrae.*

Minstens vyf vrae word gestel vir die skriftelike gedeelte van die eksamen, en die kandidaat sal drie uur toegelaat word om die te beantwoord.

---

*AANTEKENING.—dit is wenslik dat, waar moontlik, skikkings getref word sodat leerlingvroedvroue—

(1) Hospitale vir oogsiektes of die afdelings vir oogsiektes van volkshospitale kan bywoon teneinde direkte ondervinding met ophthalmia neonatorum op te doen.

(2) Gevalle van bedkoors in hospitale of elders kan volg.

(3) Gevalle van veneriese siektes in 'n kliniek vir veneriese siektes kan volg.

(4) Suiglingklinieke kan bywoon.

(4) *Punte.*

'n Kandidaat moet minstens 50 persent van die punte in elke deel toegeken, t.w. in die skriftelike, mondelinge en praktiese dele van die eksamen, behaal om te kan slaag. Vyftig persent van die gesamentlike aantal punte word vir die skriftelike eksamen en 50 persent vir die praktiese eksamen toegeken.

Geslaagde kandidate word in die klasse ,,Honneurs" en ,,Geslaag" ingedeel. Vir ,,Honneurs" moet 'n kandaat minstens 75 persent van die maksimum aantal punte in elke deel van die eksamen behaal.

Kandidate word nie in volgorde van meriete gerangskik nie en geen besonderhede ten opsigte van die punte of plekke van kandidate word verstrek nie tensy in verband met 'n prys of toekenning deur die Raad goedgekeur.

In die geval waar die Kandidaat nie in die eksamen slaag nie, kan die opleidingskool egter in kennis gestel word betreffende die gedeelte van die eksamen waarin sy die eksaminatore nie bevredig het nie.

(5) *Datums van Eksamens.*

Die eksamens word tweemaal per jaar gehou in die maande April en Oktober, mits daar kandidate is; en niemand wie se applikasie nie op of voor 15 Maart en 15 September respektiewelik by die Registrateur van die Raad ingelewer is, sal tot die daaropvolgende eksamen toegelaat word nie, tensy dan met besondere toestemming van die Raad.

(6) *Sentrums.*

Die eksamens moet op sodanige plek of plekke afgeneem word as die Raad mag aanwys. Besondere sentrums kan vir gerief van kandidate vir die skriftelike eksamen gereël word, mits die betrokke opleidingskool die onkoste in verband met die reëling van sodanige sentrum betaal.

(7) *Eksaminatore.*

Die Raad sal van tyd tot tyd die nodige eksaminatore benoem. Die eksaminatore is gebonde aan sodanige reëls as die Raad van tyd tot tyd vir die afneem van eksamens vasstel, en hulle sal sodanige besoldiging ontvang as die Raad mag bepaal; dit is nie nodig vir hulle om lede van die Raad te wees nie.

(8) *Eksamenfooie.*

Die fooi betaalbaar aan die Raad vir die eksamen is £3. 3s., wat insluit registrasie as 'n vroedvrou, indien en wanneer die kandidaat vir die eksamen slaag. 'n Kandidaat wat druip kan, onderworpe aan Reël 4 (7), weer aan die eksamen toegelaat word teen betaling van £2. 2s.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.